WEL EN WEE VAN DIE MILITêRE VETERANE : BERIG 05/2018
07/04/2018

WEE VAN DIE VETERANE

1. Afsterwe van Adm WN du Plessis van die SAV

Hennie Roux van die Lugafweer het verlede week genoem "… dat adm du Plessis skielik hart- en nierprobleme ontwikkel het en in intensiewe sorg by die hospitaal in George opgeneem is. Hennie verwittig nou met leedwese "… dat hy op 31/03/2018 oorlede is, nadat hy gevra het om ontslaan te word om by sy huis af te sterf. Sy gade, Rechta, versoek dat ons asseblief nie bel nie, maar eerder 'n boodskap na 082 601 9162 of rndples@gmail.com stuur. Adm du Plessis se laaste aanstelling was as Adjunk HSI".

Org Naudé van Personeel noem "... dat Rechta op 01/04/2018 inderhaas vanaf George na 2 Mil Hosp afgevoer en op 04/04/2018 na Grootte Schuur Hospitaal oorgeplaas is. Dit blyk dat daar 'n gewas op die pankreas is. Die Troosdiens het op 06/04/2018 by die Gereformeerde Gemeente George plaasgevind".

2. Afsterwe van Christie van Zyl van die Kavallerie

A P Stemmet van die Kavallerie en die SVR verwittig met leedwese "… dat Christie op 17/03/2018 na 'n motorongeluk oorlede is. Hy is 'n voormalige Bev Regt Oranjerivier en is op 24/03/2018 vanuit die NG Gemeente Rawsonville begrawe. Lede van die ander korpse soos die Infanterie, Artillerie, Sein, Genie en Onderhoud met wie hy in sy briljante loopbaan mee saamgewerk het, het almal kom eer betoon. Christie sou op 24/03/2018 as gasspreker by die 42ste herdenkingsbyeenkoms van Op Savannah in Kaapstad opgetree het en die 200 persone wat bygewoon het, was dus baie bewus van sy afsterwe en begrafnisdiens".

3. Afsterwe van Kobie Walker van die SALM

Johan Bauer van die SALM verwittig met leedwese "... dat Kobie op 10/03/2018 oorlede is en dat sy Gedenkdiens op 16/03/2018 by die AGS Gemeente in Centurion plaasgevind het. Kobie het as Voorraadoffisier op LMB Pietersburg en in verskeie ander poste in Pretoria gedien".

4. Afsterwe van Val Venter : Eggenote van Wyle Hennie Venter van LMB Langebaanweg

Johan Bauer verwittig met leedwese "… dat Val op 26/93/2018 in die ouderdom van 84 jaar oorlede is en dat die Gedenkdiens op 03/04/2018 by die NG Gemeente Wierdapark-Suid plaasgevind het. Tannie Val was in die 1950s en 60s die Siekeboeg-Suster op LMB Langebaanweg, waar oom Hennie as 'n Lugverkeerleier gedien het. Met sy verplasing na LMB Hoedspruit is sy daar as die Matrone by die hospitaal op die basis aangestel, maar het ook steeds as die Teater-suster gedien. Hulle het later na Pretoria verhuis waar Tannie Val haar jongste seun se tandartspraktyk tot haar afsterwe bestuur het. Oom Hennie is ongeveer 10 jaar gelede oorlede".

5. Afsterwe van Christine : Vrou van Renier van Rensburg van die Seiners

Deon van Zyl van die Seiners verwittig met leedwese "… dat Christine op 13/03/2018 weens kanker oorlede is. Renier se laaste pos was as RSM van Kmdmt N Tvl Seineenh. Die gedenkdiens het op 23/03/2018 by die NG Gemeente Meyerspark plaasgevind. Renier se selno is
072 559 8209".

6. Passing of Lulu : Wife of Pieter Franszen of the SAN

Arne Soderlund of the SAN advises with sincere regret "... of the passing on 28/03/2018 of Lulu, beloved wife of Padre Pieter Franszen of Gouritsmond. Our deepest sympathy to Pieter and to Gustav, Ingrid and their families".

7. Toestand van Boy du Toit van die Infanterie

Chris Wehrmann van die Infanterie noem "… dat nadat Boy Altzheimer se Siekte opgedoen het, is hy vanuit sy woonstel in Pretoria na Stellenbosch geneem, waar sy vrou vir hom by Helderberg Oord in Stellenbosch 'n eenheid gekoop het. Genl en mev Gleeson woon ook daar. Boy is nou al 84 jaar oud, maar is nie meer bewus van lewe nie en word voltyds versorg".

8. Terugslag vir Dennis Shone van die Infanterie en Leërinligting

* Vroeër het As Kleynhans van die Lugafweer gerapporteer dat "...Dennis op 05/03/2018 'n hartaanval gehad het en na verpleging in die hospitaal weer op 06/03/2018 ontslaan is. Daar was toe beplan dat Dennis 'n hartomleiding sou ondergaan.

* Dennis verwittig self dat "… daar toe by die Greenacres Hospitaal in Port Elizabeth besluit is om nie die omleiding te doen nie, maar om wel twee stents in my hart se bloedvate te plaas. Die chirurg, 'n kêrel van Zimbabwe met teaterdrag wat soos 'n kamoefleeruniform lyk, het besluit om self die are oop te maak. Dit werk baie goed en ek is terug by die werk".

9. Terugslag vir Kpln Johan Human

* AP Stemmet van die Kavallerie rapporteer dat "… Johan ernstig siek is en nou in die Panorama- hospitaal in Kaapstad behandel word. Op 27/03/2018 het Faan Gerber van die Infanterie twee van Johan se oud-kollegas op sy versoek in Hermanus gaan haal om vir Johan te besoek. Johan is in Lugafweer opgelei en het na diensplig in die teologie gaan studeer, waarna hy as 'n NG Predikant en Kapelaan gedien het. Johan was baie bekend by veral die deeltydse magte in die Wes-Kaap en makkers moet hom asseblief besoek".

* Faan Gerber noem "… dat die hospitaal vir Johan binnekort gaan ontslaan om tuis versorg te word. Ons is egter besig om met 'n Hospice te onderhandel".

HULDEBLYKE

10. Huldeblyk aan Christie van Zyl van die Kavallerie deur A P Stemmet

“Christie van Zyl was ‘n reus, letterlik en figuurlik. Hy was n uitstaande sakeman, vervaardiger en boer wat ‘n besige lewe gelei het, maar altyd vir sy medemens en geliefde familie tyd gehad het. Niks het vir sy hande verkeerd gestaan nie. As soldaat het hy ‘n briljante militêre brein gehad en ek was bevoorreg om so iemand tydens grensdiens onder my bevel te hê. Vreesloos en 'n ongelooflik doeltreffende kanonnier. Later as Bev Regt Oranjerivier het hy die regiment uitmuntend gelei en in 1992 die skild vir die beste pantserkar-regiment in die RSA verower. Wat die prestasie so uitnemend gemaak het, is dat die Staandemag- en die opleidingsregimente ook aan die kompetisie deelgeneem het, Ons eer sy nagedagtenis”.

PERSOONLIKE BOODSKAPPE

11. Condolences to Family of Christie van Zyl of the Cavalry

The President of the Armour Association, Heinrich Janzen, conveyed “… the sincere condolences of the Armour Association and it’s NEC, to the family of the late Christie van Zyl and also to his former unit, the ROR”.

MILITêRE AANGELEENTHEDE

12. Hulp by die Militêre Argiewe

Celeste Scheepers is die SANW se Militêre Attache in Swede en het “... in ‘n poging om my 93 jarige oom, Kanonnier Kenneth Bouwer, se oorlogsrekords op te spoor, het Arlene Bronkhorst van die SAW Vereniging my na die Militêre Argiewe te Irene in Centurion verwys. Na maande se wag kry ek ‘n brief vanaf die Argiewe met verskoning vir die vertraging, waaraan my oom se militêre rekords en selfs sy lys van medaljes aangeheg is! ‘n 94 jarige omie se hart is vandag baie bly en hy sal nou sy boek kan skryf.

Dewald Nel (dewald@nelantiques.co.za) het my ook gehelp om ‘n volledige stel dokumente van my oom by die Argiewe te bekom en die Argiewe het selfs aangebied om duplikate van sy vyf medaljes te verskaf! My geloof in ons administrasie is herstel. Ek kan aanbeveel dat hierdie diens gebruik word. Die Argiewe se kontaknommer is 012-670 8000 en hulle e-posadres is sandfdoc@mweb.co.za”.

13. New Unmanned Air System (UAS) Demonstrated for the Australian Navy (RAN)

Schiebel has successfully demonstrated the heavy fuel variant of the Camcopter S-100 UAS as part of its customer acceptance program with the RAN. The RAN has sought to procure an interim unmanned vertical takeoff and landing maritime UAS for shipborne intelligence, surveillance and reconnaissance.

14. New Frigate for the Aussies

Arne reports in his MN that the Australian Navy is planning to acquire a new frigate and is considering the concept shown below. However, the only purpose of this report is to show the Pongos (an honorary title) what a modern warship looks like.

.

MILITêRE MEDIESE VERSORGING

15. Dank aan die Aksiegroep

Thinus du Toit van die SALM betuig sy dank "… aan Tony en sy span wat na ons Veterane se belange omsien. Die terugvoer in die Nuusbrief is gerusstellend. Dit wil egter blyk dat 'n gebrek aan kommunikasie die grootste oorsaak van ons bekommernis was".

16. Opmerkings deur Neels van Tonder van Afd Inl

"Voortgestte mediese diens is 'n diensvoorwaarde waarvoor ons jare lank bygedra het sodat ons na aftrede steeds kwaliteit mediese sorg sou kon ontvang. Die Staat se verpligtinge sluit die fonds se administrasie, asook die professionele bestuur van mediese dienste aan die lede in. Ons het ons verpligtinge nagekom en ons bydraes getrou betaal om die mediese voordele na aftrede te kan geniet. Dit is die Staat wat die SM Mediese Voortsettingsfonds geskep het. Ons is dus ten volle daarop geregtig om 'n voortsetting van die dieselfde standaard van mediese dienste na aftrede te verwag. Indien die Staat nou daardie standaard wil verander, is ons onder 'n vals indruk gebring en word kontrakbreuk gepleeg. As die Staat die fonds swak bestuur en nie voldoende premies by dienende lede vorder nie, of nie toesien dat die fonds professioneel bestuur word nie, dan is die Staat aanspreeklik. As ons as lede nie inspraak gehad het in die besluite wat die Staat oor die fonds geneem het, is die Staat alleen vir die gevolge daarvan verantwoordelik. Ons kan die Staat met reg verantwoordbaar hou en verwag dat die tekortkominge met beide die finansiële gesondheid van die fonds, asook die kwaliteit van diens aan lede, reggestel word. Wat sê ons regskundiges daarvan?"

17. Olivier Henning van die Medics

“Die mediese diens wat ek en my vrou ontvang werk baie goed. Ons woon naby Villiersdorp en kan ‘n plaaslike burgerlike geneesheer vir ons chroniese medikasie of vir nuwe ellendes gaan spreek. Ons kry egter eers telefoniese magtiging by die Overberg Siekboeg in Bredasdorp. Die voorskrif van die geneesheer, ‘n dekbrief met die magtiging en my fisiese adres faks ek na die apteek by 2 Mil Hosp en binne ‘n week word die medikasie deur ‘n koerierdiens by ons huis afgelewer. Die geneesheer dien sy rekening met die magtiging direk by die SMMVF vir betaling in. Dit hinder egter dat die SAGD sommige medikasie nie meer verskaf nie, al het ‘n spesialis aangedui dat dit lewenslank gebruik moet word. As die plaaslike geneesheer besluit ons moet dringend ‘n spesialis spreek, bel hy of ek vir 2 Mil Hosp om magtiging te verkry en hierdie stelsel het nog altyd goed gewerk. My vrou maak een keer per jaar van Afd Ginekologie by 2 Mil Hosp gebruik en ontvang puik diens en behandeling daar.

Ek sou graag wou sien dat daar ‘n veilige en betroubare kanaal moet wees waar swak diens gerapporteer kan word. Die meerderheid klagtes handel waarskynlik nie oor die professionele diens nie, maar oor die administratiewe personeel.

Ek glo nie dat die Pensionarisse moet begin om bydraes te betaal nie. Dit moet slegs die laaste uitweg wees as finansiële state en neutrale deskundiges uitwys dat die Fonds werklik nie sy verpligtinge kan nakom nie.

Ek glo die Aksiegroep wat ons belange by die owerhede bevorder sal sekerlik na alle aspekte van ons versorging kyk”.

18. Tony Dippenaar van Cela oor die Aksiegroep se Funksie

“Die prosedure vir die verkryging van magtigings en die daaropvolgende behandeling word deur die SAGD en die SMMVF as ‘n staande prosedure bedryf en werk goed. Na swak of onaanvaarbare diens bestaan die gebruik steeds dat die betrokke bevelvoerder skriftelik in kennis gestel word en as daar geen of onbevredigende reaksie is, word dit dan hoër op in die bevelskanaal aanhangig gemaak. Ek is huiwerig om voorstelle en klagtes met die bestuur van die SMMVF op te neem, want dan is ons besig om hulle bestaansreg aan te tas. Ek sien nie kans om as ‘n selfaangestelde mediese Ombudsman op te tree nie. Die Aksiegroep se doel is om die Fonds se finansiële situasie aan te spreek en ons sal dit bly doen totdat die finansiële stand in ere herstel is”.

19. Voormalige Lede van MK en APLA is nie Lede van die SMMVF

Tony noem ook “… dat daar skynbaar ‘n persepsie bestaan dat voormalige lede van MK en APLA sonder meer lidmaatskap van die SMMVF verwerf het. Dit moet beklemtoon word dat sodanige lede slegs begunstigdes van die Fonds kon word as hulle by die SANW integreer het en met aftrede ‘n minimum van 10 jaar diens gehad het. As dienende lede is hulle bydraes deur salarisaftrekking gevorder, soos ook die res van die dienende lede. Enige lede met ten minste 10 jaar diens wat voor die ouderdom van 60 jaar aftree, moes hulle bydraes tot ouderdom 60 opbetaald gemaak word en kan eers die voordele van die Fonds geniet nadat hulle 60 geword het. Die Departement van Militêre Veterane het ‘n begroting vir mediese onkostes en hanteer lede van MK en APLA wat nie ge-integreer het nie. Sulke mediese diens word deur Staatshospitale of die SAMGD gelewer en geskied nie ten laste van of die SAMGD of die Voortsettingsfonds se begrotings nie”.

TOEKOMSTIGE OORLOë

20. NTR.

EIETYDSE MILITêRE GESKIEDENIS

21. Thoughts of Distant Wars. The author, Al J. Venter, reminisces about the following:

"The advertisement here below will be included in next month's edition of *Military History*. I commissioned Ron Belling to do the paintings on the advertisement when I was still at the helm of Ashanti Publishing in Johannesburg and used it to advertise a 13-part book series, *South Africans at War,* on SA involvement in WWs 1 and 2 as well as Korea.

One of the books featured M. St J. Pattle from the Cape who was the highest-scoring British and Commonwealth fighter ace of WW2. One of my distant great uncles, Boetie Venter, subsequently major-general, served in the Royal Flying Corps in WW1 and was credited with 21 kills. My father, a major in the reserves in WW2, who fought against von Lettow Vorbeck in WW1 before being sent North and served in the trenches on the Western Front, was later responsible for organising convoys to Europe out of Port Elizabeth, where he was Port Goods Superintendent.

Yet the British still tend to look down their noses at us".

22. Presentation at Conference in Angola in 2015

In last week's edition of the Newsletter the presentation by Dr Willem [Kaas] van der Waals of the Paratroopers on 26/08/2015 in Luanda at a conference with the theme 'Angola : 40 Years of Independence and National Liberation' was mentioned. Kaas delivered his lecture on Op Savannah, while the next lecture was delivered by three retired Cuban generals who used the opportunity to sprout 90 minutes of anti-racist propaganda, which included reference to the '... glorious heroic Battle of Cuito Cuanavale'. Kaas was prepared and received permission to deliver the following paper, which has been shortened slightly:

The 'Battle' of Cuito Cuanavale

In the Preface of my book I do not refer to the 'Battle' of Cuito Cuanavale as there was no such battle. This so-called battle is a figment of the imagination and forms part of the propaganda war that South Africa lost, not only following the skirmishes East of the Cuito River in early 1988, but also as it did after Angolan independence in 1975. The 'battle' is a myth about the 'heroic defense of Cuito Cuanavale'. This still forms the cornerstone of the Castro propaganda that still holds sway with our present ANC government, as well as a number of pro-Cuban academics. It was a brilliant propaganda offensive which succeeded in placing that idea firmly in the public mind.

The SADF was hesitantly and incrementally, as during Op Savannah in 1975, drawn into the cauldron. A regime change in Luanda was never part of South Africa's objectives. It was never planned to capture Cuito Cuanavale, except if it should fall into their hands with very little fighting. In the first phase of the campaign we simply wanted to stop the FAPLA offensive against UNITA, which was done successfully, but then President PW Botha ordered a counter-offensive on 29/09/1987 to hit the FAPLA so hard that another anti-UNITA offensive before the end of 1988 would be impossible. In operational terms this meant that the Angolan forces had either to be destroyed East of the Cuito River or driven across it, that the river had to be prepared as a defensive position and turned over to UNITA, allowing the

SADF to pull back. In so doing we lost tanks and were unable to overcome FAPLA's defense East of the Cuito River. A check mate developed but then Cuba started to pose a threat to Northern Namibia with a southward march with its
50 Div. It was a brilliant strategic move which contributed to our willingness to engage in serious negotiations that should not produce a loser but only winners. In Dec 1988 these negotiations were completed with the New York accords. So what about the 'Battle' of Cuito Cuanavale? Leopold Scholtz in his book *The SADF in the Border War* summarizes it as follows:

"As far as the Cubans and South Africans are concerned the 'Battle of Cuito Cuanavale' was a draw. In a sense both won and neither lost. Regarding FAPLA and the SADF, the South Africans won so far on points that it was almost a knockout".

23. Hoofde van die UVM in 1912

* Hennie Heymans noem dat die UVM in 1912 gelyktydig drie hoofde gehad het, naamlik genl Beyers en twee ander en vra uitklaring.

* Paul Els verduidelik dat "… met die totstandkoming van die UVM op 01/07/1912 het die organisasie nie onder die oorhoofse bevel van 'n enkele militêre gesagvoerder gestaan nie. Die drie hoofvertakkinge, die Staande Mag, Aktiewe Burgermag en die Kadette, het elk sy eie gesagvoerder gehad. Brig-genl HT Lukin was as Inspekteur-generaal die hoof van die Staande Mag, terwyl brig-genl CF Beyers as Kommandant-generaal van die Aktiewe Burgermag gedien het. Kol PS Beves was in bevel van die Kadette.

28. Gebruik van die Morse Kode

Paul sê dat toe hy die foto hieronder sien toe verlang hy na die dae toe die Seiners nog Morse Kode en Posduiwe gebruik het. Die berig is beskikbaar op die skakel by https://www.youtube.com/watch?v=JT9zM_-2S6g.

NUWE MILITêRE BOEKE

29. *Nuclear Terror : The Bomb and Other Weapons of Mass Destruction in the Wrong Hands*

The military author, Al J. Venter, reports that his "... latest book on the international nuclear threat is to be released next week concurrently in Britain and the USA. South Africa is featured prominently, while the book highlights the following:

* Instability across the world brings the reality of more nations developing nuclear weapons ever closer.

* This is all the more worrying because some have already succeeded in building the bomb.

* Which rogue nations have sought nuclear capability, and who has succeeded?

In *Nuclear Terror*, Al Venter charts the developments of different countries in their attempts to build a nuclear programme over recent decades, and the threat it poses to international security. Contact the publisher, Pen and Sword at keaton@pen-and-sword.co.uk for detail about the book.

PAUL ELS SE BOEKE

30. Matrose Wat Oorbelle Mag Dra

* Paul sê dat hy besig is om die tradisie na te vors wat matrose die reg gee om oorbelle te mag dra waanneer hulle op die blou oseane vaar. Blykbaar was AO du Plooy daarop geregtig, maar daar was miskien meer. Hulp sal waardeer word. Sy e-posadres is paul@who-els.co.za.

* Chris Bennett of the Deep Blue Sea

“To the best of my knowledge the story was that only those who had passed Cape Horn under sail whilst passing to the South of the South American continent as part of the crew of a square rigged sailing vessel, were entitled to wear a simple gold earring. As far as I know those who did it in a yacht (either single handed or in a crew) such as in a round the world race, were not given this dispensation”.

* Die Seerowers se Begrafnispolis

Adm Johan Retief verwittig dat hy “… bekend is met Chris se verhaal hierbo. Mense wat om Kaap Hoorn geseil het op 'n seilskip verdien skynbaar erkenning van een of ander aard, of te wel 'n aanduiding dat hulle nie heeltemal met dit is nie.

Daar is van ’n onbetroubare bron verneem dat seerowers 'n goue oorring gedra het omdat daar ’n tradisie was dat indien iemand die liggaam van ’n die seerower iewers vind, die vinder daarvan die oorring kan hou indien hy die seerower 'n behoorlike begrafnis gee. Die oorring het dus as soort begrafnispolis gedien wat jy gedurig by jou dra!”

ALGEMENE ASPEKTE

31. Paul Els se besoek aan Nederland

“Op 17/01/1968 was ek ‘n lid van ‘n span wat op Katima geland het om Op Brush te begin. Presies 50 jaar later op 17/01/2018 is ek en my vrou na Nederland om op Schiphol Lughawe, Amsterdam te land. Die vliegtuig het daar probeer land, maar moes weens ’n storm met sterk wind na Brussel uitwyk waar ons vir meer drie ure in die vliegtuig moes wag tot die storm oor Amsterdam bedaar.
Van Schiphol is ons per taxi na Hilversum en met die ry los die bestuurder die stuurwiel en daar ry die kar op sy eie. By die huis verwittig my seun my dat ons die eerste mense is wat in ‘n Tesla battery-aangedrewe kar vervoer is.

Ons het verskeie dorpe, museums, ou kerke, windmeulens, die Batavia skip, ‘n ou kasteel, die koninglike paleis en ander besoek. Ons was ook by die brug in Arnhem waar die geallieërdes
se groot lugstormaanval in WO2 plaasgevind het en by Noordwijk waar vyf lede van die SS Mendi begrawe is.

Die hoogtepunt was die besoek aan die Eftelingpark; die Nederlandse Disney World. Dit is net ongelooflik. Dit is egter lekker om weer tuis te wees en nou wag die werk aan die boek oor Walvisbaai”.

32. Articles of Military Interest

Paul also states that during his visit to the Netherland he visited various locations of military interest and has compiled short articles of three places that he had visited. Contact Paul on his
e-mail address at paul@who-els.co.za if anyone wishes to receive it. Most of the information comes from the Internet, broachers and programs and if needed loose photos can also be provided. He is still working on two other articles, but the following are available:

* Op Market Garden : The Allied Airborne Assault on the bridge at Arnhem during WW2.
* Memorial Service in Noordwijk on 21/02/2018 for those who died on the SS Mendi.
* The Soviet 611 or Zulu V class submarine in the harbour of Amsterdam.

33. Newsletter of the Naval Officers' Association of Southern Africa

Angel states that the Newsletter for Apr 2018 is available and can be requested from the Secretary, John Lamont, at glentyne@yebo.co.za.

34. Beplande Reeks oor Hoofde van die UVM en SAW in die Nonggai

* Verlede week het Hennie Heymans van die ZARPe genoem dat die reeks oor die Kommissarisse van die Polisie eersdaags tot 'n einde kom. 'n Beroep is op enige krygshistorikus gedoen om 'n reeks oor die verskillende hoofde van die UVM en SAW vanaf 1912 op te stel, sodat daar elke maand een aan die beurt kom met sy foto wat op die voorblad sal verskyn. Die reeks sal met genl Georg Meiring tot 'n einde kom. Hennie se e-posadres is heymanshb@gmail.com.

* Hennie noem nou dat "... die huidige reeks oor twee maande met artikels oor genls Johan van der Merwe en George Fivaz tot ''n einde kom en dan moet die reeks oor die hoofde van die UVM en SAW begin. Tot my spyt moet ek noem dat niemand nog na vore gekom het om die reeks oor die militêre leiers aan te pak nie. Dit lyk vir my ongelukkig of die soldate nie in die projek belangstel nie!"



WERKGROEP VIR DIE BESKERMING VAN ONS PENSIOEN

35. Lidmaatskapvorms van AMAGP

Gerda Putter is die weduwee van adm Dries Putter en noem dat sy "… betrokke is met die administrasie rondom die werwing van lede vir AMAGP. Lede wat wil aansluit moet my asseblief op gerda.putter@gmail.com verwittig dan stuur ek 'n lidmaatskapvorm aan".

36. Die OBK/GEPF se Steun aan Eskom

* Verlede week het Daan Kemp van Leërinligting vertel van die intense bedreiging teen ons Pensioenfonds, dat die onlangse gemors met Steinhoff die GEPF 'n verlies van ongeveer R25 biljoen gekos het en dat die GEPF se lening van R5 biljoen aan die bankrot ESKOM die GEPF se totale leningsbedrag aan Eskom tot ongeveer R105 biljoen laat styg het.

* Alida en Lloyd Calitz van die Infanterie regeer deur 'n brief aan Dries de Witt, een van die GEPF se Trustees, hieroor te rig, waarna Dries gemeld het dat ESKOM die lening van R5 miljard na 30 dae met 'n rente-opbrengs van R30 miljoen aan die GEPF terugbetaal het. Hy het ook genoem dat dit onwaar is dat die GEPF geld aan die bankrot SAL voorsien het.

37. Increasing the Benefit of Beneficiaries of Pensioners

Errol Massey-Hicks states "… that AMAGP recently communicated with the GEPF about increasing the benefit of beneficiaries of pensioners to at least 70% instead of the current 50%. The communication with Dr Frans le Roux indicates that the GEPF is not inclined to repeat the previous opportunity, as only 10% of pensioners made use of it, while it involves a major actuarial investigation. However, if enough members support the need, an effort can again be made, but for a dispensation where dependents will be increased without reducing the benefit of the pensioner. In view of the reckless handling of our pension fund currently taking place, it is certainly not an unreasonable request. In order to determine whether there is a real need among GEPF pensioners, please indicate the following to amagp.sek@gmail.com:

a. Does this need exist?
b. What is a reasonable percentage?"

38. Effek van die Aanpassing

Neels van Tonder van Afd Inl noem dat hy "… destyds van die aanbod gebruik gemaak het om my naasbestaande se voordeel te verhoog en dit het tot gevolg gehad dat my pensioen met 'n paar duisend Rand per maand verminder is. Dit blyk dat dit die moeite werd sou wees om te doen as afsterwe binne vyf jaar sou plaasvind, maar as mens langer sou lewe, sal dit beter wees om die 50% voordeel vir jou gade te behou. Die bedrag waarmee die pensioen sou verminder, indien die 75% opsie geneem sou word, kan liewers in 'n gepaste finansiële instrument belê word om steeds 'n voordeel aan die naasbestaande te verseker. Van ons kundiges kan gerus hierop reageer en advies gee".

39. Webblad vir AMAGP

Errol Massey-Hicks noem dat AMAGP besig is om 'n webblad vir die organisasie te ontwikkel en dat dit hopelik binnekort operasioneel sal wees.

40. Behoefte aan 'n Tesourier

Errol noem ook "… dat AMAGP 'n dringende behoefte het aan 'n geskikte vrywillige persoon, woonagtig in Pretoria of Centurion, wat vir ons as Tesourier kan optree. Die taak behels hoofsaaklik monitering, uitvoering en rekordhouding van finansiële transaksies. Ons inkomste hang slegs van ledegeld en donasies af, terwyl daar minimale uitgawes is. Dit is dus nie 'n deurlopende dagtaak nie. Belangstellendes kan my op my e-posadres by errolhicks@gmail.com of op my sel by 063 621 0194 kontak".

41. Statement About Cash Flow of the Government Employees Pensionfund. On 10/04/2018 AP Stemmet issued the following statement to the media on behalf of AMAGP, which has been shortened slightly for the purpose of the Newsletter:

One of our members, a retired auditor, has compiled an analysis of annual reports of the GEPF for the past eleven years, which clearly indicates that the pension fund is not managed by the Board of Trustees (BoT) to the advantage of its beneficiaries. Control by the BoT leaves a lot to be desired and it is clear that too much is left to its investment agent, the Public Investment Corporation (PIC). Secrecy on the side of the BoT prevents transparency and gives rise to the impression that there is no monitoring of investments. The poor excuse



that the low interest yielding of investments is due to poor economic conditions is no longer acceptable. The managing, control and supervision of the pension fund goes much further than merely the yields of investments. The latter is an important element and in particular the unexpected growth in interest demands attention and explanation. Up to the present not much attention has been given to the importance of contributions by the workforce to the fund. It must be determined whether employment departments comply fully with the compulsory payments of contributions and whether employee contributions are still sufficient. The AMAGP requests that urgent attention be given to this by the Standing Committees on Finance and Public Accounts. A new BoT is to be appointed within days and it is trusted that the government and unions will ensure that only well qualified people with the required expertise will be appointed. Note. The statement of the auditor can be provided on request.

42. GEPF Monitor No 3 and 4 of 2018

Errol Massey-Hicks of AMAGP advises that the two latest Newsletters are now available on the website at www.amagp.co.za. The compiler is Daan Kemp of Army Intelligence and comments, recommendations and articles for publication should be submitted to editorgepfmg@gmail.co.za.

NUUS OOR DIE VETERANE-ORGANISASIES

43. Inleiding

Hierdie groephoof is geskep met die spesifieke doel om aan die Veterane-organisasies ’n forum te bied waar hulle die breër Veterane-gemeenskap oor hulle onderskeie aktiwiteite kan inlig. Maak gerus gebruik daarvan.

44. Communicating with the Armour Association

The President of the Armour Association, Heinrich Janzen, advises “... that the website of the Association has been redundant for some years. Please feel free to make use of my personal
e-mail address at hejconsulting@gmail.com for any matters concerning the Armour Association or it’s NEC. My cell number is 082 809 6039”.

45. Aktiwiteite van die SA Infanterievereniging (SAIV). Leon le Roux van die SAIV verwittig soos volg:

* Die SAIV se Algemene Jaarvergadering vind vanaf 10:00 op 19/05/2018 by Bronberg Wynlandgoed plaas. U teenwoordigheid sal waardeer word.

* Die SAIV is aktief besig om takke landswyd en ook in Australië te stig. Vir meer besonderhede kontak gerus vir Kobus Loubser by kobus@sainfantry.co.za en raak betrokke.

* Volledige inligting is op die SAIV se amptelike webtuiste by www.sainfantry.co.za, asook op die Facebook-blad, South African Infantry Association, beskikbaar".

WELSYNSINISIATIEWE

46. NTR.

SOEKTOGTE

43. Waar is Daan Lemmer van 82 Meg Bde?

Alex Nieuwoudt verwittig uit Australië dat hy "... vies is oor die krieketskandaal maar graag dringend met Daan wil kontak maak. Hy was baie na aan my en sovêr ek weet het hy op Lichtenberg gaan vestig en daar 'n boek geskryf. My e-posadres is eish@westnet.com.au".

GELEENTHEDE, FUNKSIES EN KURSUS- EN ANDER RE-UNIES

44. Onthul van Gedenkmuur vir Rhodesiese Sappers

Paul Els rapporteer dat die gedenkmuur (foto hieronder) op 31/03/2018 by Sappersrus naby Hartebeespoortdam onthul is. Ongeveer 50 Rhodie Sappers en dames het die verrigtinge bygewoon, terwyl twee ou Sappers van die SAW ook teenwoordig was.

5. Infanteriste is Plesierig

* John Lizamore noem dat "... die volgende hinderlaag van die SA Infanterievereniging vanaf 12:00 op 02/05/2018 by die Bronberg Wynlandgoed in Lynnwoodweg plaasvind. Die koste is R80 per person en kroegfasiliteite is teen militêre pryse beskikbaar. Bespreek asseblief by Geoff Holland-Muter se selno 076 637 9355".

* Met die maandelikse hinderlaag op 04/04/2018 het Wynand du Toit van Spes Magte die Kode van die Infanterie voorgelees. Langs hom staan Johan Boshoff, die Voorsitter van die SA Infanterievereniging.

NETWORKING

46. Panaconic Faksapparaat Beskikbaar

Tony Dippenaar van Cela noem dat hy sy "... Telkom-landlyn opgesê en met 'n Telkom SIM-kaart vervang het. Gevolglik het ek nou 'n oortollige Panaconic Faksapparaat in werkende toestand wat gratis beskikbaar is. Who is going to spare me the hassle of going to the electronic dumpsite? My e-mail address is tadippenaar@gmail.com".

ADMINISTRASIE

47. Nuwe Lede

* Adm RC Simpson-Anderson

* Heinrich Janzen

* Hennie Sonnekus

LAASTE LAWWE (EN SOMS ERNSTIGE) STUKKE

48. Quotes of the Month

If you cannot explain it simply, you do not understand it well enough – Albert Einstein

Failure is like fertilizer. It stinks, but it makes things grow faster in future.

Age is of no importance unless you are a cheese.

SLOT

49. And on that wise note, sterkte vir die nuwe week.

Johann

VRYWARINGSKLOUSULE

50. Hierdie Nuusbrief bevat die uiteenlopende en diverse persoonlike menings van Militêre Veterane en die Opsteller van die Nuusbrief kan nie in sy persoonlike hoedanigheid daarvoor verantwoordelik of aanspreeklik gehou word nie.